**Skriflesing:** Efesiërs 4:1–16
**Tema:** Ons is een liggaam van Christus.

Die kerk is nie ‘n gebou nie. Die kerk is elkeen van ons as die liggaam van Christus.

Waar ons kerk is, val die kollig nie op “ek” nie, maar op Christus en op “ons”.
Kerkwees gaan nie in die eerste plek oor programme nie, maar oor ons wat saam groei in en na Christus toe.

Christus is ons hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. (Efes 4:16)
As sy kerk is ons sy een liggaam. In die Apostoliese Geloofsbelydenis bely ons: “Ons glo aan een heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;”
Paulus herhaal in Efesiërs 4:4-6 ons een wees amper soos ’n geloofsbelydenis:

- een liggaam
- een Gees
- een hoop
- een Here
- een geloof
- een doop
- een God en Vader. Hy is oor almal, woon in almal en werk deur almal.

Die wêreld sien oral verdeeldheid, maar by ons as die kerk behoort dit anders te wees. In ’n tyd van polarisasie, word ons as kerk geroep tot versoening.
Ons is een, nie omdat ons oor alles saamstem nie, maar omdat ons een liggaam van Christus is. Ons word gebind deur sy liefde en is gevul met die Heilige Gees, wat deur die vrug wat hy in ons werk, ons ook aan mekaar bind.

Christus is nie net ons hoof nie, Hy is ook die doel van ons kerkwees. Ons is nie kerk vir ons eie eer nie, ons is hier om Hom te eer met ons hele lewe.

Ons lewenswandel, en nie ons eredienste nie, identifiseer ons as kerk. Wanneer ons bely dat God ons geroep en ons sy kinders gemaak het, moet ons leefstyl hierdie belydenis bevestig. Anders is ons belydenis net leë woorde en eredienste net lekker byeenkomste.

Paulus roep ons op om so te leef dat God kan trots wees dat Hy ons na Hom geroep het.
Hoe lyk so ‘n lewe?

Ons lees hier van vier eienskappe waarmee die Here vir elkeen van ons as sy kerk seën: ons is beskeie, vriendelik, geduldig en ons verdra mekaar in liefde. Wanneer ons dit doen sal ons as sy een liggaam in vrede met mekaar leef

Wanneer mense na ons as kerk kyk en luister sien hulle:

- hoe ons met mekaar praat
- hoe ons verskille hanteer
- hoe ons mekaar dra en verdra

Dit is hierdie dinge wat ons as kerk geloofwaardig of ongeloofwaardig maak.

Gebind deur sy liefde is ons die een liggaam van Christus, maar ons is nie eenders nie. Christus gee gawes soos Hy wil aan elkeen van ons. In Efesiërs 4:11 lees ons van die volgende gawes:

- apostels is kerkstigters
- profete bring God se boodskap aan gemeente
- evangeliste bring God se boodskap buite die gemeente
- herders lei
- leraars en onderwysers leer uit die Woord

Ons is verskillende liggaamsdele en het het verskillende gawes, maar soos 'n legkaart pas ons bymekaar en vorm saam 'n eenheid.

En wat is die doel van ons elkeen se Godgegewe gawe of gawes?
Die doel daarvan is om mekaar toe te rus vir dienswerk. Met ons gawes moet ons mekaar opbou in liefde sodat ons al meer soos Christus sal wees. Dit is tog waarheen ons as sy kinders geestelik groei. Dan sal ons soos 'n volwasse mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus, en ook nie omgewaai word deur dwaalleer of fopnuus nie.

Efesiërs 4:1-16 daag ons elkeen uit omvanoggend eerlik op die volgende vrae te antwoord:
Is die kollig op my, of op ons?
Bou ek die liggaam op of breek ek?
Staan ek eenkant of leef ek my roeping as deel van die liggaam van Christus?

Die kerk is nie ’n verhoog met ’n paar spelers en baie toeskouers nie. Wanneer net ’n paar mense alles doen, bly die liggaam siek en swak.
Wanneer elkeen sy of haar gawe of gawes uitleef, bou ons mekaar in liefde op en is ons as die liggaam van Christus sterk en gesond.
Amen